

**3 Maart**

**1 Tessalonisense 1:1-10**

***"Die volharding van julle hoop"***

Die uitdrukking sê: Solank daar lewe is, is daar hoop.

Ons kan dit ook omdraai: Solank daar hoop is, is daar lewe.

Niemand kan werklik lewe in die volle sin van die woord sonder hoop nie. As alles hopeloos lyk, voel dit of 'n mens nie meer krag het om dinge aan te pak nie. Wanneer daar 'n wending kom, flikker die hoop op en dan kom daar lewe in ons.

Christene kan ook nie sonder hoop lewe nie. Die sekerheid van ons hoop op ons Here Jesus Christus en die verlossing wat Hy vir ons bewerk het, laat ons lewe en oorlewe. Sonder die hoop sou geen geloofswerk of liefdesinspanning moontlik gewees het nie. Daarom verwys Paulus in 1 Tessalonisense 1:3 nie net na die geloof en liefde van die gelowiges in Tessalonika nie, maar juis ook na hulle "hoop op ons Here Jesus Christus".

Vir die gelowiges van hierdie gemeente wat in 'n tyd van bittere vervolging ontstaan het, was dit baie moeilik om Christene te wees. Enige oomblik kon hulle op grond van hulle Christenwees alles verloor, in die tronk gegooi word, doodgemaak word. Hulle kon nie hulle hoop op aardse dinge soos besittings of goeie kontakte plaas nie. Hulle het geweet dat net die Here hulle kan bewaar.

Hoe klein is ons lyding in vergelyking met dit wat Hy vir ons deurgegaan het. Ons volgehoue hoop op Hom alleen sal ons as gelowiges in staat stel om, met liefdevolle inspanning, ons werk tot sy eer hier op aarde te doen.

Dr. H.G. Stoker (Rietvallei)